MNR JACOBS: Was hy nie in 1984 ook nog 'n skolier wat klasse bygewoon het oor 'n "computer" nie? -- Al was hy daar gewees hy kon nog nie 'n lid geword het van COSAS in die lokasie nie, want (20 die klagtes wat hulle het daar by die "computer" skool is nie dieselfde as die grieve van die skoliere hier plaaslik nie.

ASSESSOR: Waar is die "computer" skool, in Johannesburg? -- Dit was in Johannesburg gewees.

MNR JACOBS: En ek wil dit verder aan jou stel dat hy is toe gedood in botsings tussen studente en die polisie, toe die polisie aangeval is. -- Dit weet ek nie van nie, want ek kan nie onthou van enige voorval waar die polisie met die inwoners baklei het nie, dit wil sê op die 4de.

So jy sê ook dan dat op die 4de het die polisie hom nie (30 geskiet / ..

geskiet nie? -- Nee, dit is nie wat ek sê nie. Daar is 'n verskil tussen die twee dinge, dit wil sê tussen die botsing en 'n persoon wat geslaan word.

Sê jy die polisie het hom geslaan? -- Ek sê nie so nie, ek het net 'n voorbeeld gegee wat die verskil is wat ek van praat, maar in hierdie geval volgens wat ek gehoor het is dat hy deur die polisie geskiet was. Dit is nie dat hy met die polisie baklei het nie.

Hy is deur die polisie in 'n groep geskiet nè? Hulle was in 'n groep gewees? -- Ek weet nie, ek was nie daar toe hy geskiet word nie.

Jy sien, wat vir my baie eienaardig is, toe julle nou sien die polisie kom daar en skiet so, was julle nie bang gewees vir die polisie nie? Hulle skiet hierdie traanrook of hierdie voorwerp daar na die skool toe. -- Die polisie is altyd daar. Ons is gewoond om polisie te sien in die lokasie. Daar is polisie-mense wat in die lokasie woon, ons sien hulle daagliks. Dit was niks snaaks gewees nie. Ons het net nie geweet dat hulle op ons met die traangas kon skiet nie.

Hulle skiet nou daardie voorwerp. Was julle toe nie bang nie? -- Dit kan nie wees dat jy nie skrik as jy geskiet word nie.

Angwoord nou my vraag. Was julle bang of was julle nie bang nie? -- Wanneer nou?

Toe die polisie die voorwerp daar geskiet het. -- Toe die polisie geskiet het, het ons geskrik.

Was julle bang? -- Ja.

Vir die polisie? -- Nee, bang vir wat hulle gedoen het.

Vir die polisie bang omdat hulle skiet? -- Omdat ons bang was vir wat hulle gedoen het, outomaties het ons toe bang geword / ..

geword vir hulle.

Dit vat jou baie lank om so 'n sinpele vraag te antwoord. Nou as julle so bang was vir die polisie, hoekom gaan julle dan uit, uit die klaskamers uit daar na daardie plek toe waar hulle nou net geskiet het? -- Nee, daar buite is nog veiliger want jy kan weghardloop en oor die omheiningsdrade, of deur te klim.

Maar julle het nie dadelik weggehardloop nie? -- In die begin was ons verbaas om te sien wat daar gebeur het, maar toe dit begin om ons te affekteer het ons toe besluit dat dit beter was vir ons om weg te kom. (10)

Sien as julle bang is dan is dit mos beter om in die klaskamers te bly en aan te gaan? -- Nee, dit kan nie wees nie. Hier is ons wat bang is dat ons hier moet sit daar by die plek waar ons sien nee, ons is nie veilig as ons hier sit nie.

Nou hoewel julle bang is en vir drie of vier dae elke dag die polisievoertuig daar sien, is julle nie bang nie, maar julle kom skool toe. Ek verstaan nou nie jou bang nie. -- Nee, maar ek weet nou nie wat om te sê nie want ek sê ek het skool toe gegaan met die oog om te gaan sien wat gebeur het daar by die skool. En hier kom ek by die skool, daardie ding wat my bang(20 gemaak het is nog daar, dié gaan voort en ek gaan toe weer. Op die ou end besluit ek nee, ek gaan nie meer nie.

Maar jy het elke dag, al sien jy die voertuig daar, het jy teruggegaan skool toe? -- Ja, ek het gaan kyk.

HOF: Sê vir my, hoekom was jy op 4 Oktober laat by die skool? -- Nee, ek was nie laat op die 4de nie.

Is dit die volgende dag wat jy laat was? -- Ja.

MNR JACOBS: Kan jy sê hoekom was jy die volgende dag laat? -- Ja. Dit is omdat ek nog daar gedink het of ek skool toe moet gaan of nie, as gevolg van wat die vorige dag plaasgevind het(30

Later / ..

Later het ek besluit dat ek beter skool toe gaan. Toe ek die besluit geneem het, was dit al laat.

Ek wil dit aan jou stel in die algemeen oor hierdie gebeure dat daardie 4de was daar by daardie skool boikot gewees, daar was moeilikheid gewees, daar was botsing met die polisie gewees. -- Na die 4de?

Op die 4de. -- Ek weet nie, maar ek het dit nie gesien nie. Ek het rondbeweeg in die lokasie.

Ek dog jy was die 4de by die skool? Laat ons net hoor..
-- Ja. (10)

..waar het jy rondbeweeg op die 4de in die lokasie, op 4 Oktober 1984? -- Die oggend van die 4de is ek skool toe. Terwyl ons nog in die klaskamer was het die Hippo daar opgedaag wat toe ons in die rede gevallen het daar waar ons besig was met skool. Ek het die skoolperseel verlaat en huis toe gegaan. Ek het by die huis gebly vir die res van die tyd tot om en by 16h00 wat ek toe my huis verlaat het om 'n oefening by te woon. Die plek waar ek gaan vir die oefeninge is ver van my huis af. Ek loop dus deur Tsakane. Op pad soontoe het ek niks gesien nie.

Nou waar het jy rondbeweeg in die lokasie? -- Met rond- (20 beweeg bedoel ek, ek loop orals in Tsakane. Ek het nie 'n spesifieke plek wat ek vir u kan sê dit is my pad wat ek gebruik nie.

Nou maar wat het jy so rondgeloop in Tsakane daardie dag?
-- Ek het my meisie gaan sien en na die oefening toe gegaan.

Kom ons gaan na hierdie begrafnis van Vusi toe. Was daar baie mense by daardie begrafnis gewees? Neem dit nou maar by die kerk. -- Ja.

Sal jy ook saamstem as dit gesê is hier in die hof, dit was duisende mense wat daar was? -- Ek kan nou nie 'n skatting gee van mense of dit 150 is nie. Al wat ek vir die hof kan (30

sê / ..

sê, hulle was baie; soveel dat ek nie in die kerk kon ingegaan het nie.

Was daar behalwe jy nog baie ander mense buitekant wat nie kon ingaan nie? -- Ja.

Nou na die lyk was daar 'n lang stoet mense gewees wat die lykswa gevolg het? -- Die meeste van die ouerige mense het met voertuie gery. Die res van dié wat agtergebly het wat nie kon ry nie, was nie so baie gewees nie. Dit is nou daardie mense wat met die voet gestap het.

Het julle in 'n stoet gestap agter die voertuie, agter die kis aan? -- Ja.

En as ek dit reg het dan het jy op 'n stadium gesê jy was taamlik ver agter in hierdie stoet en jy kon nie mooi sien wat daar vorentoe aangaan nie omdat jy te ver agter was? -- Ons het eers gestaan en wag vir die voertuie om verby te ry, om te sien of ons nie nog ene kon kry waarin 'n mens kon ry nie. Toe al die voertuie verby was en hulle is vol en daar is nie 'n ander voertuig waarin ons kon ry nie, het ons toe begin stap agter die voertuie as voetgangers agter die stoet.

ASSESSOR: Wie is "ons"? -- Met "ons" praat ek van almal dié wat nie kon ry in die voertuie, wat agtergebly het en wat dus te voet moes gestap het.

MNR JACOBS: Jy sien, uit jou getuienis verstaan ek dat jy vir die hof gesê het dat jy by die kerk baie laat gekom het en daarom moes jy heel agter by die voetgangers inval. -- Nee, dit is nie dat ek soveel laat was dat ek by my aankoms daar, die tyd was dat die mense nou, die stoet uitgaan na die begraafplaas nie. Ek was laat by die begin van die diens by die kerk het ek gesê maar toe die kis uitgebring was by die stoet om nou te loop, was ek alreeds daar.

(30)

Nou gaan ek weer vir jou die vraag vra wat ek aanvanklik gevra het en wat jy nog nie geantwoord het nie, was dit 'n rede-like lang stoet gewees? -- Ja, dit was 'n groot begrafnis gewees.

Sou jy sê dit is 'n paar honderd meters, 'n paar lengtes van 'n rugbyveld wat hierdie stoet se lengte was?

HOF: Ken die getuie 'n rugbyveld?

MNR JACOBS: Ek bedoel 'n voetbalveld, 'n sokkerveld. -- Nee, kyk 'n voetbalveld of sokkerveld kan ek nie skat nie, maar ek weet nie of u my sal verstaan as ek u bedui in Tsakane self nie. As ek vir u nou sê van watter punt sou die kop gewees het en (10) watter punt sal die stert wees van die stoet nie.

HOF: Nee, ons ken nie Tsakane nie en dit sal ons nie help nie. Weet u hoe lank is 'n honderd meter? -- Ja.

Hoeveel honderd meter was die stoet? -- Vier.

Vier honderd. Is dit die voetgangers of die motors ook? -- Dit sluit die voertuie ook in.

MNR JACOBS: Ja, ek vra vir jou eintlik net van die lengte van die voetgangerstoet. -- Ons was so 'n groot bondel mense wat omrent kon gestrek het vir honderd meters, want die mense het op die sypaadjies geloop, ander in die middel van die pad, (20) orals in daardie pad.

En was daar baie mense wat langsmekaar geloop het vir hier-die lang distansie? -- Ja.

En was jy agter in daardie stoet gewees, voetgangerstoet? -- Nee, ek was tussen hulle gewees.

So jy was nie agter aan die voetgangerstoet nie? -- Nee. As jy sê tussen hulle bedoel jy in die middel van die voet-gangerstoet of aan die voorpunt tussen die mense of wat bedoel jy? -- Ek was nie heel voor gewees nie, ek was meer na die middel van die voetgangers se stoet gewees want van waar ek was in (30) daardie / ..

daardie posisie kon ek die voertuie wat voor my was, gesien het.

En toe jy in jou getuienis-in-hoof gesê het dat jy was heel agter van die voetgangers, dan was dit nie reg gewees nie?

-- Ek was onder die indruk gewees dat ek vir u sê dat ek agter, heel agter by die voertuie maar by die voetgangers se stoet was.

As die oorledene se vader gesê het in hierdie hof dat daar was nie 'n voetgangerstoet nie, wat sê jy daarvan? -- Dit is wat hy self gesien het.

Maar dit is 'n fout wat hy maak nè, dit is heeltemal verkeerd? -- Dit hang van u af hoe u dit sien, of dit nou 'n fout(10 is en of hy nie die waarheid vertel nie, maar wat ek vir u sê is dit. Die prosedure daar by die begrafnisse by ons is dat lede van die gesin van die oorledene is heel voor onmiddellik agter die kis. Dit hang nou af hoe ver voor hy was, vanwaar hy was kon hy heel agter gesien het wat agter hom gebeur.

Nou kon ons net daardie punt van jou 'n bietjie verder neem. Toe hy uitgeklim het by die kerkhof kon hy tog gesien het daar is mense agter wat loop, is dit reg? -- Dit hang af op watter stadium hy uit die voertuig uitgeklim het, want daar was mense wat net in die straat gestaan en kyk het na hierdie begrafnis(20 want dit is die eerste keer dat daar so 'n groot begrafnis was.

En is dit nie so dat altyd by begrafnisse word daar baniere gedra en by hierdie een was daar ook spesifiek baniere daardie dag gewees nie? -- Nee, hier het ek nie baniere gesien nie.

Is dit dat jy nie baie goed gekyk het nie, dat jy hulle nie gesien het nie? Dat daar mense voor jou was? -- Of wat voor hom was?

Of dat die ander mense jou uitsig belemmer het, wat voor jou was? -- Maar soos ek alreeds gesê het, heel voor was daar nie voetgangers gewees nie. Wie sou dan die baniere gehou (30

het / ..

het en indien daar enige baniere was, dan sou daardie baniere gewees het tussen die voetgangers se stoet.

En ek stel aan jou daar was baniere, onder andere hierdie AK47 een. -- Nee, dit het ek nie gesien nie.

Nou kom ons kry net hierdie ding van die Hippo korrek, in perspektief. Wanneer het jy die betrokke Hippo die dag gesien? Die dag van die begrafnis nè? -- Toe ek by die kerk opdaag die Hippo was geparkeer gewees daar by die park.

So hy was geparkeer naby die park? -- Op die park self was hy geparkeer. (10)

Toe u gearriveer het by die..? -- By die kerk.

By die kerk. En toe? -- Hier sien ek daar staan 'n Hippo. Nou ja, dit is 'n Hippo wat daar staan en niks doen nie. Ek kyk toe na die mense daar by die kerk of hulle wegbeweeg as gevolg van die teenwoordigheid van die Hippo. Die mense beweeg nie en ek besluit toe om by hulle aan te sluit. Het hulle miskien wegeloop, ek sou ook maar weggeloop het.

Nou toe julle nou met die stoet wegbeweeg van die kerk af, het die Hippo daar bly staan? Het julle weggeloop van hierdie Hippo af? -- Nee, dié het al weggery. Die Hippo het weggery (20 voor ons uit die kerk is om te loop.

Waarheen het die Hippo gery? -- Dit het dieselfde pad gevolg wat ons sou gevolg het op pad na die begraafplaas toe.

Jy sien, ek verstaan nou nie jou getuienis heeltemal nie want jy sê toe julle wou loop, toe sien jy die mense sien die Hippo; hulle steur hulle nie aan die Hippo nie, hulle loop en toe besluit jy ook om saam te loop en die Hippo het nog daar gestaan. Nou wanneer het hy dan gery? -- Ek weet nie of u my verstaan het nie. Ek het gesê met my aankoms by die kerk die Hippo was geparkeer op die park daar, en dit is mense wat by (30

die / ..

die kerk staan wat hulle nie steyr aan die Hippo wat daar ge-parkeer is nie. Ek het my ook nie daaraan gesteur nie, want die mense het hulle nie daaraan gesteur nie. Ek het inplaas daarvan by die mense gaan aansluit wat by die kerk gestaan het. Het daardie mense miskien weggeloop as gevolg van die teenwoordigheid van die Hippo by die park, dan sou ek ook weggeloop het en nie by die kerk gegaan het nie.

Kom ons sny die hele ding kort. Die Hippo wat van voor af gekom het, wat lateraan geskiet het; ek praat nou van hom - wanneer het jy hom die eerste keer opgemerk? -- Net voor ons (10 by die begraafplaas gekom het.

Dit is die voetgangers? -- Ja.

Die motorstoet, het hy toe al tot stilstand gekom by die begraafplaas? -- Van die voertuie het alreeds gestaan. Van hulle was besig om te stop. Daar was van hulle wat nog gesoek het vir 'n staanplek.

En om by die begraafplaas te kom waar hierdie mense gestop het en gestaan het, moet jy afdraai van die pad wat julle geloop het tot daar toe? -- Ja.

En hoe ver is dit daar van die afdraai af, kan jy vir (20 die hof omtrent sê in honderd meters, hoe ver van die afdraai-plek tot by die ingang van die begraafplaas? -- 'n Mens draai nie af met 'n pad nie. Die hek, die ingang van hierdie begraafplaas front aan dieselfde pad wat ons gebruik het om by die begraafplaas te kom. Jy draai net uit die pad in die hek in.

En die Hippo, waar was hy gewees toe jy hom opgemerk het? -- Net verby daardie hek van die begraafplaas, dit wil sê vanaf die rigting wat ons gekom het, kry 'n mens 'n T-aansluiting. Die Hippo het om die hoek gekom van die T-aansluiting en die teen-oorgestelde rigting van ons gery. Net waar onsregs moes (30

afgedraai / ..

afgedraai het in die begraafplaas in, het die Hippo by ons verbygegaan.

En is dit die eerste keer toe hulle toe skiet? -- Nee, dit was nie die eerste keer wat hulle begin skiet het nie. Hulle het alreeds na binne toe geskiet.

Wat bedoel jy "na binne toe"? -- Hulle het alreeds na die mense geskiet wat vroeër opgedaag het by die begraafplaas, wat alreeds op die begraafplaas gestaan het.

Binne-in die begraafplaas? -- Ja.

En wat het daardie mense gedoen? -- Ek het vroeër gesê dat ek opgemerk het dat mense weggehardloop het vanaf 'n punt en weer terugkeer na die punt toe. Later toe ek daar opdaag vind ek dat dit traangas was wat geskiet is na hulle toe. Dieselfde traangas wat na ons toe geskiet was toe ons daar gekom het.

Hoekom antwoord jy nie my vraag nie? My vraag is wat doen die mense toe die traangas na hulle geskiet word. Jy sê mos nou daar word geskiet na die mense binne die begraafplaas. Wat doen hulle? -- Van die mense hardloop weg en daar was van hulle wat net geskuif het om eenkant te staan.

Toe hulle weggehardloop het, het hulle uit die begraafplaas uitgegaan? -- Nee, soos ek alreeds gesê het die weghardloop wat ek van praat is om pad te gee vanaf daardie punt en terug te kom.

Het hulle nie uitgehardloop nie? -- Nee.

So daar het niemand weggehardloop nie, maar hulle het net geskuif? -- Ja, hulle het net weggeskuif en weer teruggekeer na daardie punt toe, tot ons ook weer daar ingekom het.

Is daar vir 'n tweede keer geskiet vanaf hierdie Hippo af? -- Ja, dit is nou terwyl ons ook in die begraafplaas was.

Binne-in die begraafplaas? -- Ja.

(30)

Dit / ..

Dit is toe julle ingegaan het alreeds, die voetgangers?

-- Ja.

So hulle het nie terwyl julle op pad was na die begraafplaas op julle geskiet nie? -- As ek reg is, ek het al vroeër gesê dat traangas geskiet was op ons terwyl ons op pad was na die begraafplaas. Dit is waar die mense hul gesigte toegemaak het met baadjies en met oop hande.

Toe ek dan vir jou vra die tweede keer toe geskiet is, waar was die tweede keer toe geskiet is, hoekom sê jy dan vir my toe julle in die begraafplaas was? -- Nee, maar u vraag was het (10 ek gesien dat hulle geskiet het op die mense op die begraafplaas toe sê ek ja. En u vra toe weer, het hulle weer 'n keer geskiet op die mense op die begraafplaas toe sê ek ja, na ons daar gekom het. Dit was nie 'n kwessie van dat u vir my gevra het ek moet nou vir u sê wat die volgorde is van die skietvoorvalle nie.

Nou dan sal ek weer my vraag herhaal. Wat ek vir jou wil stel is heeltemal anders as wat jy sê. Ek het vir jou gevra wanneer is die tweede geleentheid toe geskiet is - die eerste geleentheid is waar die mense in die begraafplaas is, waar hulle net skuif; nou wanneer is die tweede geleentheid wat die (20 mense van die Hippo skiet? -- Wat ek gesien het volgens die vraag nou is die volgende: dat daar vir die eerste keer geskiet was op die mense op die begraafplaas wat uiteengegaan het en weer bymekaar gekom het. Na daardie skoot op hulle gevuur was, is toe op ons wat nog nie op die begraafplaas was nie, geskiet. Ons het toe die begraafplaas binnegegaan. Terwyl ons in die begraafplaas was, is toe die tweede keer in die begraafplaas in geskiet, dit wil sê, dit is die derde skoot wat geskiet word.

Goed, ons vat dit net bietjie stuksgewyse. Toe die eerste skoot geskiet was in die begraafplaas, het die Hippo gestaan? (30

Ja / ..

-- Ja.

Waar het dit gestaan? -- In die anderkantse straat.

Langs die ingang van die - of langs die begraafplaas? -- Daar is 'n straat wat parallel is met die hoofstraat wat ons gebruik het na die begraafplaas toe. Die Hippo was in daardie straat gewees wat parallel is met hierdie hoofstraat toe hulle die eerste keer 'n skoot gevuur het op die mense wat op die begraafplaas was.

En dit het stilgestaan? -- Die mense wat daar geskiet het is dié wat bo uitgeskiet het op die Hippo. (10)

En die Hippo het op daardie stadium stilgestaan sê jy? -- Ja.

Toe die Hippo op julle geskiet het, die tweede skoot geskiet het, het dit nog stilgestaan of het dit beweeg? -- Ek het hier vir die hof gesê dat daar 'n T-aansluiting is. Om die hoek het hierdie Hippo uitgekom en toe 'n tweede skoot gevuur. Dit is die skoot wat op ons gevuur was.

Jy het dus gesien toe hy weggetrek het daar waar hy gestaan het toe die eerste skoot gevuur is en na julle toe kom? -- Ja.

En dit het 'n hele end weggery van die begraafplaas af op(20 daardie stadium, neem ek aan, om tot by julle te kom? -- Dit is baie naby.

Dit het weggery daarvan af, van die begraafplaas af? -- Ja.

En nadat dit op julle geskiet het, het julle toe gehardloop na die begraafplaas toe of het julle weggeharkloop in die lokasie in, in die woongebied in? -- Soos ek alreeds gesê het, toe die skoot op ons gevuur was, die mense wat alreeds in die onmiddellike nabijheid van die hek was, het in die begraafplaas in gehardloop. Ons was nog nie daar was nie, het padgegee na die (30

sypaadjie / ..

sypaadjie toe.

En toe in die begraafplaas in gehardloop? -- Ja.

En het hierdie Hippo verby julle gery of gestop? -- Hy het verbygery.

HOF: Watter kant toe? -- Hy ry in ons teenoorgestelde rigting.

Dit is in die rigting van die kerk? -- Ja, in die rigting van die kerk.

Met die hoofstraat? -- Ja.

MNR JACOBS: En toe dit die derde skoot geskiet het, was dit nog voor die diens begin het by die graf? -- Nee, die diens het al-
reeds begin want toe ons daar gekom het, kry ons dat die diens alreeds begin het. Wat verder gebeur het is dat die Hippo is verby in die rigting van die kerk, maar by die volgende afdraai-straat het dit weer omgedraai en teruggekeer na daardie posisie toe waar die Hippo oorspronklik was toe die eerste skoot gevuur word, dit wil sê die straat parallel met die hoofstraat.

Is dit nie so dat hierdie Hippo soos hy daar verbygery het aanhouwend geskiet het soos hy aangegaan het verder terug in die rigting van die kerk nie? -- Nee, dit het nie so gebeur nie. Die kerk is baie ver vanaf die begraafplaas waar hierdie voor(20 val plaasgevind het. Dit is omtrent 200 meter verder vanaf die ingang van die hek waar die Hippo weer om die hoek gedraai het.

En hierdie incident daar by die kerkhof voordat die graf nou toegemaak is en so aan, het omtrent twee na drie ure geneem? -- Nee.

HOF: Hoe lank duur dit? -- Nee, dit neem nie eers 'n uur nie. By die begraafplaas?

Meer as 'n halfuur of minder? -- Omtrent 'n halfuur as daar nie iets is wat ons miskien gepla het nie.

Nou op watter stadium in daardie prosedure het daardie (30

erde / ..

derde skoot gekom? -- Die predikant was besig met sy laaste gebed.

Moes die predikant toe ook padgee? -- Ja, die traangas byvoorbeeld hier langs hom kan val waar dit moontlik hom kan affekteer, dan gee hy pad tot dit verwyder is. Dan kom hy weer terug na sy plek.

Het hy so gemaak? -- Ja.

MNR JACOBS: En behalwe hierdie een Hippo was daar enige ander polisiebeamptes daar in die omgewing van die begraafplaas? -- Ja, daar was. (10)

Waar was hulle? -- Hulle het daar met die "van" patolleer.

Daar het nie polisie gestaan daar naby die begraafplaas nie? -- Nee, hulle het heen en weer gery, gepatolleer.

Kan u vir ons sê was daar enige skote gevuur op die motors, traanrook? -- Die traangas se kannetjies het geval naby die voertuie, tussen die mense en die voertuie. Ek sal nou nie vir die hof kan sê of dit gemik was op die mense of gemik was op die voertuie.

Was die voertuie binne-in die begraafplaas of het hulle buitekant gestop? -- Party was binne, party buite. (20)

HOF: Nou hoeveel kannetjies het daar geval? -- Ek het nie getel nie.

Meer as twee of drie? -- Ja, want hulle het nie altyd net een gevuur nie. Hulle het twee kannetjies sommer aanmekaar geskiet, dan het dit miskien gebeur op 'n stadium dat hulle net een kannetjie skiet.

Nee, ek vra die vraag want ek het die indruk gekry daar is net drie skote geskiet? -- Ja, wat ek sê is dit. As dit twee is wat daarbo uitsteek dan skiet hulle sommer so twee skote, elke een 'n skoot. Dit wil sê dit is twee van die kannetjies (30

en party kere skiet daar net een van hulle. Dit was nie 'n kwessie van dat hulle elke skoot, elke geleentheid met een kannetjie geskiet het nie.

MNR JACOBS: Hierdie tweede keer terwyl die predikant nou nog aan die gang was met die diens en so aan en die skietery plaasgevind het, hoeveel skote is gevuur daar? Kan jy vir die hof sê? -- Dit was twee.

Is dit ook kannetjies wat daar geskiet was? -- Ja.

Is jy seker dat hierdie laaste skietery was nie gewees nadat die predikant alreeds klaar was en die mense alreeds (10 weggegaan het en dat die graf amper klaar gevul was nie? -- Nee, hy was nog daar. Dit is toe hy net gesê het laat ons bid, wat ons naderkom om te bid. Net voor hy begin het om te bid is hierdie traangas geskiet op ons as gevolg waarvan ons toe besluit het om weg te hardloop en dus het hy toe nie voortgegaan met die gebid nie.

Die twee kannetjies wat daar geskiet was, waar het hulle gevval? -- Soos ons daar gestaan het die kannetjies wat gevuur was het van agteraf gekom. Die een kannetjie het gevval net agter die predikant wat na my gestaan en kyk het, in my (20 rigting en die ander ene, die tweede ene, het op die mat gaan val waar die oorledene se gesin gesit het.

En toe besluit julle julle hardloop weg en toe hardloop almal weg van die graf sonder dat die graf opgevul is of toegegooi is? -- Ek en die ander het weggehardloop. Wat toe daar agtergebly het, wat daar gebeur het, was ek nie meer daar nie.

Sê vir my was daar nie donshael geskiet by hierdie geleentheid toe die laaste skietery plaasgevind het nie? -- Daar was.

HOF: Daar was wel of nie? -- Daar was wel.

Daar was wel.

(30

MNR JACOBS: Nou hoekom het jy ons nie daarvan gesê nie? Jy het nou-nou gesê daar is net twee skote gevuur toe ek vra hoeveel skote is geskiet? -- Nee, maar die laaste wat ek van weet is ons praat hier van traangas.

Ek het jou gevra hoeveel skote is gevuur daar by die kerk.
-- Ja, toe vra u hoeveel kannetjies is daar geskiet.

MR YACOOB: It may lead to confusion later but my learned friend has often been saying the church. All these things in fact happened at the graveyard and maybe there should be a bit more care. (10)

HOF: He is using the word "kerkhof".

MR YACOOB: Oh, I am sorry, m'lord. I am sorry.

MNR JACOBS: Nou wanneer is die donshael nou geskiet, laat ons dit hoor? -- Na die twee kannetjies wat eintlik gemaak het dat ons weggehardloop, is dit toe gebruik. Dit wil sê die donshael is toe gevuur.

Na wie toe? -- Dat ek dit gesien het, dit is as gevolg van 'n meisiekind wat saam met ons op dieselfde skool was wat met 'n donshael in haar oog getref is daar. Dit is hoe ek bewus geword het daarvan. (20)

Na wie is die donshael geskiet? -- Dit was daar in die begraafplaas geskiet want hierdie meisie is beseer binne op die begraafplaas se perseel.

HOF: Het u haar daar gesien? -- Ja, ek was saam met haar daar.

MNR JACOBS: Saam met haar weggehardloop ook?

HOF: Was u saam met haar toe sy raakgeskiet is? -- Nee, ek het haar gesien.

Luister nou mooi. Het u haar gesien nadat sy beseer is maar toe sy nog in die begraafplaas was? -- Ja.

MNR JACOBS: Het julle saam weggehardloop? -- Ja, ons het (30) saam / ..

saam weggehardloop, maar sy is nie deur my gehelp om weg te kom daarvandaan nie. Sy was gehelp deur ander seuns wat ook daar was.

Toe julle saam weggehardloop het was sy net voor jou of langs jou? -- Sy het nie op haar eie weggehardloop nie. Die twee seuns wat ek van praat het haar elk aan 'n bo-arm vasgehou en met haar weggehardloop. Sy het van haar oog gebloei. Ek het by hulle verbygehardloop.

Nou verstaan ek nie. Waar is sy dan - was dit nog voordat die mense weggehardloop het dat sy getref was of wat is die posisie nou? -- Ek sê dat met die tyd van die skiet van die twee kannetjies wat gemaak het dat ons weghardloop, hardloop ek weg. Ek sien net haar dat sy vasgehou word deur twee seuns, een aan elke kant en ek sien toe dat sy beseer is aan die oog. Dit is op daardie stadium wat sy dan getref is, in die tyd van die vuur van die kannetjies.

HOF: Kan ek net duidelikheid kry nou. Is u indruk dat daar geskiet is op die mense wat daar by die graf staan met die donshaal? -- Ja, want sy het nog nie eens die begraafplaas verlaat nie, sy was nog op die perseel van die begraafplaas. (20)

Ja, maar die begraafplaas, is dit 'n groot plek of is dit 'n klein plek? -- Dit is 'n baie groot plek.

Nou wil ek weet of u indruk is dat daar geskiet is op die mense by hierdie graf van Diale? -- Ja.

MNR JACOBS: En hoeveel skote is daar geskiet met die donshaal? -- Ek weet nie.

Het jy die skote gehoor? -- Ek weet nie wat die verskil is van die geklap van skote wat gevuur word vir 'n kannetjie van traangas en die donshaal nie.

Het jy gehoor dat daar meer as twee skote afgevuur word, (30

knal/..

knal? -- Ja.

Hoeveel het jy gehoor? -- Daar was twee skote gewees terwyl ons op die begraafplaas was. Ek het twee kannetjies gesien. Daar was toe weer 'n geklap gewees, ek het niks gesien nie. Toe het ek weggehardloop.

Wie het geskiet? Het jy gesien wie het geskiet? -- Al die geklappery het vanaf die Hippo gekom.

Daar waar dit gestaan het al die tyd langs die begraafplaas?
-- Ja.

Kyk, as die oorledene se vader sê dat hierdie Hippo die (10 dag terwyl hulle daar beweeg het, het van voor af gekom in daardie pad, verby die begraafplaas en toe hulle verbygegaan en die hele stoet verbygegaan, is dit nie reg nie? -- Ek het dit nie gesien gebeur nie.

En as hy sê daar is nie mense in die begraafplaas geskiet nie maar die geskietary het plaasgevind na die karre net voor hulle uitgeklim het uit die karre uit, terwyl die..

MR YACOOB: I am sorry, he did not exclude the graveyard.

The evidence was not clear on precisely where the cars were parked as I recall it. (20)

MNR JACOBS: Hy het gesê..

COURT: Well, I did not get the impression that there were any cars in the graveyard.

MR YACOOB: That was more or less my impression but it was not specifically included or excluded, so he cannot put it that way.

HOF: Is daar parkeerplek binne-in die begraafplaas? -- Ja, daar is 'n plek waar daar nog nie grafte gegrou is nie. Dan parkeer die mense daar op die perseel self.

Het die mense daar ingegaan of het hulle buite die hek (30 parkeer / ..

parkeer? -- Daar is van die voertuie wat binne op die perseel parkeer het. Van hulle het buite parkeer.

Hoe ver was dit van die graf af, hierdie parkeerplek binne?
-- Dit was nie baie ver nie.

MNR JACOBS: Dankie, edele. En as die oorledene se vader sê dat die Hippo het weggegaan, aangehou skiet vir 'n lang tyd en lateraan direk teruggekom en toe kom skiet het, en nie daar langsaan gestaan het nie is hy ook verkeerd? -- Nee, die Hippo het nooit weggery nie behalwe dat die Hippo net om die hoek gery het, om die blok, en weer daar kom staan het. (10)

U sien meneer, ek stel dit aan jou hierdie storie is 'n leuen wat jy hierso aan die hof vertel van die polisie wát sommer so nog voor die begrafnis begin het op die mense geskiet het. -- Wanneer het hulle dan geskiet volgens u?

Nee antwoord jy my vrae, moenie vir my vrae vra nie. -- Die Hippo het begin skiet op die mense wat in die begraafplaas was by die graf. Die diens was nog aan die gang want ons het nog nie eens daar gekom nie. Ons kon sien dat die mense alreeds daar was toe dit geskiet word.

Ek wil dit aan jou stel dat na die begrafnis was daar (20) moeilikheid wat gemaak was deur julle mense en toe is daar geskiet deur die polisie. -- Toe die Hippo op ons geskiet het voor ons nog die perseel van die begraafplaas binnegegaan het was dit nog nie na die begrafnis nie.

Want ek stel dit aan jou dit is 'n leuen dat die polisie op julle geskiet het voor julle by die begraafplaas ingegaan het. -- Ek sal nie leuens vertel hier waar ek die eed geneem het om die waarheid te praat nie.

En ek stel dit aan jou verder dat daar by die graf self, hierdie begrafnis was in beheer van COSAS gewees en by die (30) graf / ..

graf self het COSAS se mense ook gepraat. -- Nee COSAS het by daardie tyd nog nie bestaan nie.

En veral was dit belangrik omdat hy die dienende president was van COSAS wat gedood was en wat daar begrawe was. -- Watter COSAS? Van die lokasie waar ons woon?

Ja van die tak daar. -- In die eerste plek COSAS het nie bestaan in daardie lokasie by daardie tyd nie en tweedens, 'n tak van COSAS het nie 'n president nie maar 'n voorsitter.

Dan die voorsitter. -- COSAS het nie bestaan in daardie lokasie nie. Ek weet nie van watter COSAS sou hy 'n voorsitter gewees het wat nie bestaan het nie en tweedens, hy was nie meer op skool daar by ons skool nie. (10)

Lyk vir my jy is baie goed vertroud met die hierargie en die benamings in COSAS. Jy ken dit baie goed nè? -- Dit is nie so nie.

Jy help my nou al die tweede keer reg wat jy vir my vertel wat is COSAS en wat is COSAS nie. -- Ek het alreeds gesê dat die vergadering wat ek bygewoon het, was daar verkiesings gehou. Die mense van die bestuur was daar gekies en daar was nie 'n president gekies nie. Dit is om daardie rede dat ek weet hoe COSAS se bestuur gevorm word.

Van watter tak van COSAS was jy 'n lid gewees? -- Ek was by die vergadering van die stigting van COSAS daardie dag.

Sal jy asseblief my vraag antwoord? -- Ek sal nie sê dat ek 'n lid geword het van COSAS nie want die laaste wat ek te doen mee gehad het was by hierdie vergadering.

Netnou het jy vir die hof gesê jy was 'n lid van COSAS gewees. -- Net by hierdie vergadering, ja.

HOF: Nee maar kyk nou, 'n mens is nie lid deur by 'n vergadering te wees nie. Was u of was u nie 'n lid van COSAS nie? -- Laat (30

ek dit vir die hof so stel. Ek het van COSAS gehou. Hierdie dag het ek besluit om 'n lid te word van COSAS maar ongelukkig is ek toe verplaas van hierdie skool af na Christian Brothers toe, met die gevolg kon ek nie meer deelneem aan COSAS hier nie. Al het ek nog daarvan gehou om 'n lid te word, ek was nie in staat gewees nie.

So u het vir die hof dan net nou 'n leuen vertel toe u gesê het u was 'n lid van COSAS? -- Wel, dit hang van u af hoe u dit nou beskou.

En dit onder jou eed, dat jy kort-kort vir die hof sê (10) jy gee jou getuienis onder eed? -- Dit bly nog die waarheid. Die dag toe ek daar was het ek 'n lid geword van COSAS en toe ek weg is van die skool af was ek nog steeds 'n lid maar ek was toe ongelukkig teleurgesteld dat ek die skool moes verlaat het.

Jy sê nou jy het 'n lid geword.. -- En niemand het my hier gevra hoe lank het ek 'n lid van COSAS geword nie.

Goed, laat ons nou kry. Jy sê nou vir die hof weer dat jy daardie dag 'n lid geword het. Het jy lidmaatskapvorm ingevul en 'n lidmaatskapsertifikaat gekry. -- Dit was nie op daardie dag beskikbaar nie. (20)

Was die vorms nie vir jou gegee om aansoek te doen nie? -- Daar was niks gewees die dag nie behalwe dat daar gepraat was van COSAS en dit is al.

Nou het jy fooie betaal as 'n lid van COSAS? -- Daardie dag was ons nie gesê dat ons enige fooie sal moet betaal nie.

Betaal 'n mens lidmaatskapsfooie.. -- Het hulle gesê ek sou dit betaal het, ja.

Betaal 'n mens lidmaatskapsfooie by COSAS? -- Soos ek alreeds gesê het dat op hierdie dag was daar geen melding gemaak van geld nie. Dus weet ek nie of daar enige fooie betaalbaar (30)

is / ..

is of nie.

Jy vertel vir die hof jy hou so baie - kyk tog vir die hof, moenie vir die mense agter in die hof kyk nie. Kyk vir die hof asseblief. Jy vertel vir die hof jy het so baie gehou van COSAS. Vertel vir ons wat is aan julle verduidelik wat is die beleid van COSAS? -- Soos ek alreeds gesê het dat by hier-die vergadering COSAS was breedvoerig bespreek. Ek het baie gehoor van COSAS wat daar gesê was. As gevolg daarvan het ek toe gevoel dat ek aangemoedig is om 'n lid te word van COSAS.

HOF: Antwoord tog nou die vraag, asseblief. -- Wat ons (10 gesê was wat ek baie van gehou het van COSAS is dat COSAS in staat was om die probleme van die skoliere te behartig en dit met die onderwysers te bespreek.

MNR JACOBS: As jy nie weet nie sê dit dan vir die hof. Weet jy wat is COSAS se beleid? -- Praat u van die "policy"?

Ja, die "policy". -- Ja, ek weet.

Wat is dit? Vertel, ek het dit nou al vir die vierde keer vir jou gevra. As jy nie wil antwoord nie sê vir die hof ek gaan dit nie antwoord nie. -- Ja, ek weet wat die beleid van COSAS was naamlik dat COSAS nie saamgaan met die geweld nie. (20 COSAS se beleid is dat indien daar enige probleme is wat studente raak of die skoliere dan moet dit op 'n manier gedoen word wat almal tevrede stel in die sin dat daar mense afgevaardig moet word wat dan namens die skoliere of studente sal moet gaan praat met die onderwysers.

Weet u enige iets van die beleid van COSAS om boikotte te gebruik vir sy doeleindest? -- Daardie dag was dit nie met ons bespreek nie.

Weet u van die beleid van COSAS dat die jongmense, veral die swart mense, hul ouers en die ander mense in die (30 gemeenskap/ ..

gemeenskap gemobiliseer en geopolitiseer moet word? -- Dit weet ek nie van nie. Al was ek weg van my skool af het ek nog vriende daar gehad wat my nog nie daarvan gesê het nie.

Ek wil net met jou teruggaan na die begrafnis toe. By die begrafnis was jy by die huis..

HOF: Die kwessie van die begrafnis kan ons mōre behandel.

MNR JACOBS: Soos dit u behaag.

BESPREKING OOR VERDERE GETUIENIS

DIE HOF VERDAAG TOT 11 MEI 1988.

(10)

DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989

PUBLISHER:

Publisher:- Historical Papers, The University of the Witwatersrand

Location:- Johannesburg

©2009

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

DOCUMENT DETAILS:

Document ID:- AK2117-I2-38-397

Document Title:- Vol 397 p 23062-23138. Witnesses: Nhlapo, Maseko